NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-
EKSAMEN

SEPTEMBER 2010

AFRIKAANS EERSTE ADD. TAAL
EERSTE VRAESTEL

PUNTE : 80
TYD : 2 UUR

NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

GRAAD 12

# SEPTEMBER 2010

# AFRIKAANS
# EERSTE ADDISIONELE TAAL
# EERSTE VRAESTEL

TYD: 2 UUR

PUNTE: 80

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

   AFDELING A: Begripstoets (30 punte)

   AFDELING B: Opsomming (10 punte)

   AFDELING C: Taal (40 punte)

2. Lees ALLE opdragte versigtig deur.

3. Beantwoord ALLE vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde presies soos die vrae in die vraestel genommer is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: PROMOSIE

- Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

# MONOPOLY...'n nuwe wêreld

Wat is die gewildste bordspeletjie in die wêreld, word in 103 lande verkoop en is in 37 tale vertaal?

As jy reg geantwoord het, skuif na BEGIN en ontvang R200 ... as jy nie geweet het nie, gaan reguit TRONK toe. En net wanneer 'n mens begin dink Monopoly is vervelig, verras Parker Brothers, vervaardiger van dié speletjie, met 'n nuwe weergawe – wat die gewildste bordspeletjie in die land is – en nou gee hulle Monopoly Here & Now: The World Edition uit. Dit is die eerste internasionale Monopoly en pleks van strate koop, koop spelers nou 'n stad.

Maar watter stede moet 'n plek op die bord verdien? Om dié dilemma op te los, is 'n wêreldwye stemveldtog gehou. Week ná week het die ranglys van stede verander terwyl die stemme daagliks ingestroom het. Die groot prys was om een van die twee donkerblou blokke te betrek. Toe die uitslae in Augustus bekend gemaak is, was Montreal (Kanada) eerste met die meeste stemme en Riga (Letland) tweede. En derde op die ranglys was Kaapstad! Ja, ons eie moederstad het 'n groen blokkie gekry. "In die stemproses het mense hul tuisdorpe en gunstelingstede om na te reis ondersteun. Daarom is dit fantasties dat Kaapstad 'n plek gewen het," sê Helen Martin, hoofbemarker van die Monopoly-handelsmerk.

Dis nie net die plekke op die bord wat anders is nie. Vergeet die skoen, die hoed en die motorkarretjie. In dié weergawe speel jy met 'n safarihoed of 'n Paaseiland-standbeeld. Die huise en hotelle wat jy in jou stad oprig, verteenwoordig die argitektuur van die wêreld, van wolkekrabbers tot piramides. Daar is ook die *deal button,* wat ingespan word wanneer daar oor sake onderhandel word.

En soos altyd beweeg Monopoly saam met die tyd. Daar is nou digitale weergawes van Monopoly: Here & Now: The World Edition beskikbaar wat jy op jou selfoon kan aflaai, of jy kan dit op jou Nintendo Wii speel. Dit sal verseker dat dié speletjie, wat al sedert 1935 bestaan, in die toekoms ook hier sal wees.

[Verwerk uit: *Rapport-Tydskrif,* 28 September 2008]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**
**deal** [1] (n) dennehout; greinhout; plank, balk

**deal**[2] (n) transaksie *also* **transac'tion;** akkoord *also* **arrange'ment;** kopie; hoeveelheid; bedeling; **fair** – billike behandeling; *a great* – baie; *clinch/strike a* – 'n transaksie sluit/ beklink

**but'ton** (n) knoop; knop(pie) (ook *rek.*); (v) toeknoop; knope aansit; –**hole** (n) knoopsgat

1.1 Noem TWEE redes waarom Monopoly as die gewildste bordspeletjie in die wêreld beskou word. (2)

1.2 Wie is die vervaardigers van Monopoly? (1)

1.3 Hoe verskil die internasionale Monopoly bordspel van die Suid-Afrikaanse weergawe ten opsigte van wat jy koop? (2)

1.4 Hoe het die vervaardigers te werk gegaan om vas te stel watter stede in die bordspel gebruik gaan word? (1)

1.5 Na die eerste week van stem is daar besluit watter stede in die bordspeletjie ingesluit sal word.

1.5.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 1.5.1 deur 'n sinsnede uit paragraaf 3 aan te haal. (1)

1.6 Noem EEN stad wat 'n donkerblou blokkie op die nuwe internasionale Monopoly bordspel gekry het. (1)

1.7 Haal EEN WOORD uit paragraaf 3 aan wat vir ons sê dat dit goeie nuus is dat Kaapstad 'n derde plek in die bordspeletjie gekry het. (1)

1.8 Gebruik die woordeboekinligting en gee 'n goeie Afrikaanse woord vir *deal button.* (1)

1.9 Kies die korrekte antwoord.

In hierdie teks beteken 'n **wolkekrabber** ...

A 'n bordspelstuk.
B argitektuur van die wêreld.
C 'n baie hoë gebou.
D huise en hotelle wat jy kan oprig. (1)

1.10 Die nuwe internasionale Monopoly is nie tegnologies aanpasbaar nie.

1.10.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

1.10.2 Haal 'n sinsdeel uit paragraaf 5 aan om jou antwoord op Vraag 1.10.1 te bewys. (1)

**[14]**

## VRAAG 2

## ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae.




Uit: *Finesse* 11 November 2008

2.1 Watter produk word hier geadverteer? (1)

2.2 Watter woord in die leesstuk sê vir ons dat OUTbonus 'n unieke idee van OUTsurance is? (1)

2.3 OUTsurance-kliënte kry nie hul OUTbonus in die vorm van geld nie.

2.3.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.3.2 Haal TWEE WOORDE uit die leesstuk aan om jou antwoord op Vraag 2.3.1 te bewys. (1)

2.4 Watter EEN van die volgende opsies beskryf die vrou se gesigsuitdrukking in die advertensie die beste?

A Senuweeagtig
B Afwagtend
C Hartseer
D Bly (1)

2.5 Wat stel die geskenk in die advertensie voor? (1)

2.6 As jy OUTsurance wil skakel, moet jy dit deur jou bank doen.

2.6.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.6.2 Motiveer jou antwoord op Vraag 2.6.1 deur DRIE woorde uit die leesstuk aan te haal. (1)

2.7 Noem TWEE redes waarom die woord OUT in die advertensie telkens met hoofletters geskryf word. (2)

2.8 Hoe weet jy dat OUTsurance ook op die internet adverteer? (1)

2.9 Watter bewys is daar in die advertensie dat OUTsurance 'n Suid-Afrikaanse maatskappy is? (1)
**[12]**

## VRAAG 3

## STROKIESPRENT

Lees die onderstaande strokiesprent oor Werfbobbejaan en beantwoord dan die vrae wat volg.




Uit: *Landbouweekblad* 6 Januarie 2006

3.1 Hoe laat het Doors en sy pa by die huis gekom? (1)

3.2 Doors en sy pa het met 'n groot lawaai by die huis aangekom.

3.2.1 Sê of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

3.2.2 Gee EEN woord in raampie 1 om jou antwoord op Vraag 3.2.1 te bewys. (1)

3.3 Waarom, dink jy, het Doors en sy pa knoppe op hulle koppe? (1)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 4

- Som maklike maniere om te bespaar in 'n paragraaf op.
- Skryf jou eie volsinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as 70 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aan die einde van die opsomming aandui nie.

**MAKLIKE MANIERE OM TE BESPAAR**

Aan die einde van die jaar is jy klaar met matriek en moet jy dalk jou eie potjie krap. Dit is dus nou die ideale tyd om geldslim te raak. Leer daardie ekstra myl stap met jou salaris. Ons vergeet dat besparing op die klein, alledaagse dingetjies dikwels 'n reuse-verskil aan die einde van die maand kan maak.

By die huis moet jy die ketel nie onnodig volmaak wanneer jy water kook vir tee of koffie nie. Dit veroorsaak dat jy onnodig baie elektrisiteit gebruik. Isoleer jou warmwaterstelsel sodat dit langer hitte behou en minder aanskakel. Dit is ook slim om 'n tydhouer op jou warmwaterstelsel te sit, sodat dit net aanskakel wanneer dit nodig is. Sit jou elektriese kombers niks langer as twintig minute aan voordat jy bed toe gaan nie. Dit is heeltemal onnodig om 'n elektriese kombers drie uur voor slaaptyd al aan te skakel.

As jy winkel toe gaan, maak lysies van die kruideniersware wat jy wil aankoop. Dissiplineer jouself om net die goedere op jou lysie te koop. Probeer klere eerder kontant as op rekening koop. Werk streng volgens jou begroting en waak teen te veel wegneemetes.

Verder moet jy goedkoper alternatiewe vir medisyne gebruik. Koop byvoorbeeld generiese produkte. Maak seker dat jy die geskikte selfoonpakket het. Die pakket moet aan jou behoeftes voldoen.

Verander jou houding teenoor spaar en onderskei tussen dit wat jy nodig het en dit wat jy sommer net wil hê.

Verwerk uit: *Get it* Augustus 2008

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 5

## WOORDSTRUKTURE

- Lees die onderstaande stuk in verband met entrepreneurskap en voltooi dan die paragrawe met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die antwoorde langs die vraagnommer in die antwoordboek neer.

| | | |
|---|---|---|
| **Word 'n entrepreneur**<br>Hulle skuil in jou garage, in jou kombuis en in die (5.1 kind+kamer). Jy sal hulle in tydskrifadvertensies vind, in jou (5.2 buurman) se huis en by jou werk. Hulle is reg voor jou oë in die groente uit jou eie (5.3 tuinakker) ... in die stapels papiere langs jou rekenaar ... en in jou kop. 'n Mens hoef ook nie 'n (5.4 'n baie slim persoon) te wees om (5.5 hy/jou/sy) idees in (5.6 verliese) te omskep nie. Om sakegeleenthede raak te sien (5.7 klank/klink) moeilik, maar dis eintlik baie maklik. | 5.1<br>5.2<br>5.3<br>5.4<br>5.5<br>5.6<br>5.7 | Gee die samestelling.<br>Gee die meervoud.<br>Gee die verkleiningsvorm.<br>Gee EEN woord.<br>Kies die korrekte voornaamwoord.<br>Gee die antoniem.<br>Kies die korrekte woord met behulp van die woordeboek.<br>**klank** (-e) geluid wat die gehoor tref, ritmiese geluid, spraakgeluid<br>**klink** (-e) helder geluid wat klank gee, die indruk wek, tuit |
| Vindingryke mense wat (5.8 byvoorbeeld) die haakspeld uitgevind het, of die balpuntpen, was almal (5.9 gewone) sterflinge wat op (5.10 die/'n) dag 'n (5.11 briljante) idee gekry het en werk gemaak het daarvan. | 5.8<br>5.9<br>5.10<br>5.11 | Gee die afkorting.<br>Gee die intensiewe vorm.<br>Kies die korrekte lidwoord.<br>Gee 'n sinoniem. |
| Baie mense met hul eie (5.12 besigheid) het hul stokperdjies (5.13 in/by) winsgewende ondernemings verander. | 5.12<br>5.13 | Gee die meervoud.<br>Kies die korrekte voorsetsel. |
| Met 'n nuwe besigheid word jou (5.14 eggenoot) en (5.15 naby) familie ten nouste geraak. Maak seker dat jy hulle van die begin af in jou (5.16 besluit+neem) ken. Enige verandering maak mense (5.17 span). As hulle (5.18 ken/weet) wat jy beplan, is dit soveel makliker vir almal. (5.19 Pak die bul by die _____) en word 'n entrepreneur voor jou (5.20 40ste) verjaardag. | 5.14<br>5.15<br>5.16<br>5.17<br>5.18<br>5.19<br>5.20 | Gee die vroulike vorm.<br>Gee die oortreffende trap.<br>Gee die korrekte samestelling.<br>Gee die korrekte vorm van die woord.<br>Kies die korrekte woord.<br>Voltooi die idioom.<br>Skryf die getal (40ste) uit in woorde.<br>(20) |

## VRAAG 6

## SINSTRUKTURE

## WORD 'N ENTREPRENEUR

Daar is egter 'n paar beginsels wat jy moet volg om 'n suksesvolle entrepreneur te wees.

6.1 Jy moet 'n balans tussen werk en jou gesin handhaaf.
Skryf in die lydende vorm. (1)

6.2 Dit is belangrik vir langtermynsukses.
Skryf in die toekomende tyd. (1)

6.3 Gert Jordaan sê: "Ek moet gereeld kan uitspan om my batterye te herlaai."
Skryf in die indirekte rede. (1)

6.4 Jou gesin het jou nodig. Jy moet tyd saam met hulle spandeer.
Verbind die twee sinne. Begin soos aangedui.
Omdat ... (1)

6.5 Volgens Gert behoort (jy ingestel wees op jou klante se behoeftes).
Voltooi die sin in die infinitief. (1)

6.6 Mense het altyd 'n keuse om ander produkte te gebruik.
Skryf die sin in die ontkennende vorm. (1)

6.7 'n Entrepreneur (daagliks, sy sakeplan, evalueer)
Gee die korrekte woordorde. (1)

6.8 **Positiewe denke** is die sleutel tot sukses.
Verander die sin in 'n vraag sodat die vetgedrukte deel die antwoord is. (1)

6.9 Dit verg vasbyt om (slaag as 'n nuwe entrepreneur).
Voltooi die sin in die infinitief. (1)

6.10 Baie mense droom oor hulle eie besigheid.
Skryf in die verlede tyd. (1)

6.11 Kennis is die heel eerste ding wat (Jy moet kennis verkry om jou onderneming te laat slaag.)
Gee die regte woordorde van die sinsdeel tussen hakies. (1)

6.12 Gert sê dat hy hom vir kursusse inskryf om sy kennis te verbreed.
Skryf die sin in die direkte rede. (1)

6.13 Goeie beplanning moet deur jou gedoen word.
Skryf in die bedrywende vorm. (1)

Verwerk uit: *Mieliestronk.com*

**[13]**


## VRAAG 7

## KRITIESE TAALBEWUSTHEID – ADVERTENSIE

Kyk na die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Afrikaans is nie vir sissies nie

Afrikaans is 'n mondvol. Vir vreemdeling en uitgewekene moeilik op die tong en hard op die oor. Rof, grof en onbeskof. Maar vir ons is dit pure musiek. Dié dat ons graag Afrikaans ondersteun met borgskappe vir drama-, radiodrama- en romankompetisies. Want, as jy dapper genoeg is, is dit die één taal wat die vermoë het om jou siel te ontbloot met lieflike, kragtige woorde. Ons dink vooruit. En jy?




Uit: *Taalgenoot* September 2006

7.1 Wat impliseer die skrywer met die sin "Afrikaans is nie vir sissies nie"? (1)

7.2 Wat beteken die slagspreuk "Ons dink vooruit"? (1)

7.3 Gebruik die woord "mondvol" in 'n sin sodat die letterlike (denotatiewe) betekenis duidelik is. (1)

7.4 Wat is die figuurlike (konnotatiewe) betekenis van "Afrikaans is 'n mondvol"? (1)

7.5 Om jou siel te ontbloot beteken om ....

A oor godsdiens te praat.
B nie te jok nie.
C baie goed te praat.
D te sê wat in jou hart omgaan. (1)

7.6 Hoe kan jy jou siel in Afrikaans ontbloot? (1)

7.7 Dink jy die prentjie pas goed by die advertensie? Motiveer jou antwoord. (1)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou